

Die Verlosser word beloof.

Teks: Genesis 3: 1 - 24 & Sondag 5

Teksvers: Genesis 3:15

1. Inleiding

Geliefdes ek dink ons is dit eens as gelowiges dat boosheid 'n werklikheid is. Daar is dinge wat om ons gebeur elke dag, wat selfs die gehardste mense ruk. Dinge wat almal vinnig laat beseft dit is nie soos dit behoort te wees nie. Dit is hierdie dinge wat die oortuigings dat boosheid maar net iets is wat mense self geskep het belaglik maak. Want hierdie oortuigings wil te kenne gee dat sekere dinge net boos is omdat ons dit uit 'n spesifieke hoek bekyk.

Tog weet ons as Christene presies waar boosheid vandaan kom. Vir ons is die oorsprong duidelik. Een van die tekste in die Bybel wat dit seker vir ons die duidelikste uitspel is Genesis 3. Ons verwys gereeld in preke en bybelstudies terug na die donker gebeure van Genesis 3. Maar terselfdertyd bestudeer ons ook vanoggend Sondag 5 van die Heidelbergse Kategismus. En in Sondag 5 neem die kategismus 'n draai. Want Sondag 5 tot Sondag 31 vorm saam die tweede afdeling van die Kategismus. Hierdie afdeling is gemoeid met die Verlossing van die mens. Terwyl die vorige afdeling gemoeid was met die verlorendheid van die mens.

Daarom kan ons nou maklik vra waarom wil ons hierdie donker teks bestudeer terwyl ons eintlik by die afdeling wat oor verlossing gaan. Ons kan veral ook hierdie vraag vra. Hoe dit by die hoop wat die kategismus ons gee inpas. Maar ons gaan sien dat selfs in hierdie donker gedeelte van ons menslike geskiedenis skyn die genade van die Here duidelik. Daarom is daar vir ons as mense ware hoop.

2. Onmiddellike Genade

Ons teksvers fokus op die middelpunt van die gesprek tussen die Here en Adam en Eva. Hierdie gesprek tussen die Here en Adam en Eva vind plaas direk na die sonde. Nadat Adam en Eva die een grens wat die Here vir hulle gestel het oortree het. Nadat Adam en Eva besluit het om eerder die slang of satan te

gehoorsaam. Kollektief is die hele mensdom op hierdie oomblik in die sonde ingedompel. Want alhoewel ons as mense maklik vinger wys, soos Adam na Eva en Eva na die slang, weet ons diep binne dat ons ook sou geval het. Die sonde wat ons daaglik doen is natuurlik 'n bewys hoe ons nog gereeld die duivel gehoorsaam.

Nietemin tref ons, ons teksvers direk in hierdie gesprek wat op die sonde volg aan. Dit is waarskynlik nog dieselfde dag as waarin die sonde gepleeg is, want ons sien dat die Here teen die tyd van die aandwind na die mens kom in vers 8. Daar was dus nie 'n dag waarin die toorn van die Here kon afkoel nie. En dan sien ons onmiddelik in ons teksvers dat die Here genadig aankondig dat die nageslag van die vrou die kop van die slang sal vermorsel. Daar sal 'n verlosser kom. Onmiddelik tydens straf oplegging hoor ons al hierdie genadige uitspraak.

En hierdie genade is natuurlik wyer as die vrou en die onmiddellike slang. Ons sien al klaar iets in die dinamiese manier waarop die nuwe vertaling dit vertaal met nageslag. Die ou vertaling en grondteks gebruik nog die term saad. Maar beide beteken dat hierdie sonde nie net betrekking het op hierdie onmiddellike mense nie. Maar eintlik op die hele menslike geslag. Want Eva is natuurlik die moeder van die hele menslike geslag volgens vers 20. Maar soos die sonde van toepassing het op die hele menslike geslag, net so het die belofte ook toepassing. Onmiddellike Genade, onbeskryflik groot.

3. Uit die mens gebore

As ons verder na die teksvers kyk sien ons die verband met die kategismus. Die verband is in besonder met vraag 14, wat vra of enige ander skepsel vir ons kan betaal. Maar in die antwoord sien ons onmiddelik die ook die regverdigheid van die Here. Die Here straf nie 'n ander skepsel in die plek van die mens nie. Die Here straf nie eers een mens vir 'n ander

se sonde nie. Dit sien ons ook duidelik in die teks. In vers 14 straf God die slang omdat hy die mens verlei het. In vers 16 straf hy die vrou omdat sy na die slang geluister het. En in vers 17 straf die Here die man omdat hy na sy vrou geluister het. Dit maak nie saak of die mens sy skuld op die ander wil pak nie.

Daarom moet die verlosser ten volle mens wees. En al hoe dit moontlik is, is wanneer die mens uit die vrou gebore word. Die vrou is natuurlik Eva en daarom wys die vrou in vers 15 profeties na die maagd Maria alreeds hier in Genesis. Uit die die nageslag van die vrou sal die verlosser gebore word. Hierdie bloedlyn van Jesus Christus sou dikwels deur die Satan aangeval word, maar is nooit oorwin nie. Na jare lange diereoffers word die verlosser uiteindelik uit die vrou, uit die maagd Maria gebore. Ons Here Jesus Christus word mens en kom leef 'n perfekte lewe om die offer vir ons sondes te word. So word hierdie ou belofte 'n werklikheid.

En so word die eerste gedeelte van die antwoord op vraag 15 bewaarheid. Daar word 'n ware en regverdige mens gebore. Nou het die mensdom 'n kans om verlos te word uit die sonde waarmee hy uit sy eie krag nie kan breek nie.

4. Die krag om te vermorsel.

As hierdie mens, nou maar net nie sondig nie. Tog sien ons al iets hiervan, hier in die belofte in vers 15. Ons het al dikwels gesê dat dit verkeerd is om die Here en die duiwel op dieselfde vlak te plaas. Hier in die teksvers word dit ook so aan ons geopenbaar. Want volgens vers 15 sal die nageslag van die slang net die nageslag van die vrou aan die hakskeen byt. Dit terwyl die vrou die nageslag van die slang se kop sal vermorsel. 'n Byt aan die hakskeen is gewoonlik nie fatal nie. Selfs al is dit 'n giftige slang het 'n mens nog 'n kans as behandeling vinnig genoeg geskied. Maar 'n slang wat se kop vermorsel is, sal nie weer leef nie. Daar is nie 'n kans nie.

Ons weet volgens vraag 15 dat die verlosser, sterker moet wees as alle ander skepsels. Sodat die verlosser nie voor die sonde swig nie. Ons weet dat die tipe krag waaroor die verlosser moet beskik nie menslik is nie. Die is goddelike krag. Daarom moet die verlosser

terselfdertyd ware God ook wees. Maar terselfdertyd moet die verlosser ook ware mens wees, om vir die mens se sondes te betaal. Omdat God nie iemand anders daarvoor kan straf nie. Ons weet dat daar net een so 'n mens was. Dit is ons Here, Jesus Christus wat ten volle mens en ten volle God tegelyk was. Dit is die enigste ware verlosser. En dit is die verlosser wat alreeds belowe word in Genesis 3:15. Op hierdie manier gee hierdie donker teks gedeelte ook vir ons hoop. Want die lig wat van die Here afkom verdryf alle donker ook die donker in hierdie teks.

1. Slot

Ons het begin deur te verwys na die boosheid. Voorwaar iets donker om by te begin. Maar ons het deur die bestudering van ons teks gesien dat ons nie bang hoef te wees vir die donker nie. Daar is geen donker wat die lig wat van die Here afkom kan uitdoof nie. Ons weet dat die ware lig na die aarde gekom met die geboorte van Jesus Christus. Maar ons het vandag weer gesien dat hierdie koms van Jesus alreeds aangekondig is in ons teksvers aan die begin van die skepping.

Ons het gesien dat God geen tydmors wanneer die mens sondig nie. Hy straf die sonde regverdig, maar is onmiddelik weer daar om genade te wys. Om redding en uitkoms te gee in elke sondige situasie van die mens. Want ons as mens kies maar voortdurend vir die duiwel in plaas van die Here. Laastens kan ons sê dat ons weer in die teks gesien het dat God almagtig is, terwyl die satan net magtig is. Die bose kan nie stand hou voor die Here nie. Dit is natuurlik iets wat vir ons as swakke sondaars ook hoop gee. Ons is aan die wen kant. Die satan kan ons nie oorwin nie. Want ons is deel van die oorwinning wat die Here Jesus klaar behaal het. Daarom weet ons daar is hoop en uitkoms. Want geen situasie is so donker en hoppelos dat ons nie gered kan word nie. Ons weet ons verlosser leef. Hy sit aan die regter hand van die Here en sal weer kom om die wêreld te oordeel. Maar ons sal gered word en vir ewig saam met Hom in die Hemel regeer. So alhoewel Sondag 5 nog die begin van die reddingspad van die gelowige is, weet ons hoe dit sal eindig eendag. Ons is waarlik meer as oorwinnaars, want ons verlosser leef.

Amen